Ons is deurgaans daarvan bewus dat ons hier met derde-, of selfs vierde- en vyfde-taalsprekers werk. Letterkunde skep grootliks vir hulle probleme omdat hulle nie net die taal hier moet ken nie, maar ook moet verstaan.

INSTRUKSIES

Hierdie vraestel het bestaan uit drie afdelings waarvan kandidate slegs een vraag uit twee afdelings moes beantwoord. Baie kandidate het óf al die vrae beantwoord, óf twee vrae uit een afdeling.

Kandidate het ook nie elke nuwe afdeling bo-aan 'n nuwe bladsy begin nie.

Baie kandidate het meer as een antwoord per reël geskryf.

Sommige kandidate het gedeeltes van vrae uitgelaat, veral vrae waar hulle 'n sin as antwoord moes gee.

AFDELING A : FEESMAAL

Kandidate moes hier óf vraag 1 óf vraag 2 beantwoord. Die vrae het bestaan uit 'n invulvraag, 'n vraag waar 'n verkeerde woord gekorrigeer moes word, 'n meerkeusige vraag, 'n vraag in tabelvorm, asook vrae waar kort sinnetjies as antwoord gegee moes word.

1. Invulvraag

1.1 Hier moes die kandidaat die verhaal verstaan om die vrae sinvol te kan beantwoord. Die probleem het egter gelê by die feit dat kandidate nie die verhale verstaan het nie.
1.2 Dit is ook moontlik dat die kandidate nie die taal in die leesstuk kon verstaan nie.

2. Korrigeer-vraag

2.1 Hierdie was 'n nuwe manier van vraagstelling. Kandidate was klaarblyklik nie blootgestel aan hierdie tipe vraag nie.
2.2 Die vraag het kennis oor die basiese inhoud getoets, so dit behoort nie moeilik te gewees het nie.

3. Veelkeusige vraag

3.1 Die meeste kandidate het geweet dat hulle die simbool en die verduideliking as antwoord moes gee.
3.2 Behalwe 'n gebrek aan kennis in sommige gevalle, was hier geen noemenswaardige probleme nie.

4. Kolomvraag

4.1 Hier was ook geen probleme nie. Kandidate het presies geweet wat van hulle verwag is.

5. Sin-tipe vraag

5.1 Kandidate het baie male nie die vrae verstaan nie.
5.2 Hulle het deurmekaar geraak met die verhale wat getoets is.
5.3 Dit was ook duidelik dat kandidate nie genoegsaam voorberei het vir die eksamen nie.
5.4 Baie kandidate het doodeenvoudig hierdie vraag uitgelaat.

AFDELING B : VERSLIG

Hierdie afdeling het bestaan uit vraag 3 en vraag 4 waarvan die kandidate slegs een moes beantwoord. Weer eens was daar 'n Invulvraag, vrae waar sinne vereis is as antwoord, Meerkeusige vrae, vrae in Tabelvorm, asook Waar/Onwaar-vrae.

1. Invulvraag

1.1 Kandidate het óf nie die taal verstaan nie,óf nie voldoende voorberei vir die eksamen nie.
1.2 Weer eens moes hulle die inhoud van die gedigte verstaan om hierdie vraag sinvol te kon beantwoord.

2. Sin-tipe vraag

2.1 Kandidate se gebrek aan kennis het soms duidelik na vore getree.
2.2 Klem moet gelê word op die inhoud van die gedigte sodat kandidate dit sinvol kan beantwoord, bv. vraag 4.2.4.

3. Meerkeusige vraag

3.1 Oor die algemeen was daar nie probleme by die beantwoording van hierdie tipe vraag nie.

4. Kolom-tipe vraag

4.1 Geen probleme is hier ondervind nie. Kandidate wat die gedig geken het, het dit bevredigend beantwoord.

5. Waar/Onwaar vrae

5.1.1 Dit was teleurstellend om te sien dat sommige kandidate die waar- of onwaar- gedeelte van die antwoord uitgelaat het. Al het hulle dan die regte aanhaling/rede verskaf, kon hulle geen punte behaal nie.
5.1.2 Baie van die kandidate het ook die Engelse *True* of *False* as antwoord verskaf.
5.3 Dis betreurenswaardig dat so baie kandidate nie eens ‘n poging aanwend om redes te verskaf nie. Sodoende verbeur hulle ‘n guldige geleentheid om punte te behaal, veral aangesien hulle slegs ‘n aanhaling uit die gedig moes gee.

AFDELING C : DIE VERDWYING VAN MINA AFRIKA

1. Baie min kandidate het hierdie afdeling beantwoord.
2. Heelwat kandidate het dit egter as ‘n derde vraag beantwoord en dus is dit nie nagesien nie. Nasieners kon dus nie bepaal of hulle hierdie voorgeskrewe werk behandel het nie.

AANBEVELINGS:

1. Onderwysers moet ? hele skrif met die leerders deurwerk vanaf die instruksies sodat kandidate weet wat van hulle verwag word.
2. Gee aan leerders ? lys van die woordeskat van elke verhaal en gedig en toets dit.
3. Gee kort toetsies oor inhoud van elke verhaal.
4. Gee aan leerders ? lys van vrae oor die inhoud van die kortverhale en die gedigte.